# GEMEENTEBULLETIN

**9 JULIE 2021**

## EREDIENSTE

**Sondag 11 Julie 2021**

Tydens vlak 4 van inperking word eredienste slegs aanlyn aangebied. Besoek www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal om na dienste te kyk.

**Oggenddiens 08:30** | Direkte uitsending | Ds. Why Duvenhage

**Meditatiewe diens 09:00** | Aanlyn | Ds. Philipp Dietmann

**Familiediens 09:30** | Direkte uitsending | Ds. Hanno Ackerman

## BEROEPING VAN NUWE LERAAR

Om die vakature te vul wat gelaat word met ds. Callie Visagie se aftrede in Januarie 2022, het die kerkraad in Mei 2021 'n pre-advies kommissie byeengeroep om die beroeping van 'n nuwe leraar te lei. Verskeie aansoeke is ontvang, waaruit 'n kortlys saamgestel is en onderhoude is met die kandidate gevoer. Tydens die afgelope kerkraadsvergadering is ds. Johan Visser na Stellenberg-gemeente beroep.

Johan is 39 jaar oud en getroud met Nicola ('n maatskaplike werker). Hulle het drie kinders, Ava-Jane (9), James (6) en Olivia (3). Hy het voorheen die jeugwerk by Brackenfell-, Paarlberg- en Suider-Paarl-gemeentes behartig en is nou leraar by Woodlands Gemeenskapskerk, Bloemfontein. Ds. Visser se beroeping na Stellenberg word vir die volgende twee weke aan die gemeente voorgelê vir goedkeuring (approbasietyd), waarna 'n formele beroepingsbrief aan hom gestuur word. Hy het dan geleentheid om op die beroep te antwoord. Enige navrae kan aan ds. Marius Breytenbach gerig word. Ons vertrou dat die beroep deel van 'n nuwe hoofstuk op die pad vorentoe sal wees.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### GEESTELIKE DAGSTUKKE

Geestelike dagstukke, voorberei deur gemeenteleraars, bestaande uit 'n stemboodskap en 'n geskrewe dagstuk, is daagliks op www.stellenberg.co.za beskikbaar of op die gemeente se Facebook– en Instagrambladsye.

## OMGEEPAKKIES VIR LEEU-GAMKA

Alhoewel ons uitreike gedurende die Junie-skoolvakansie weens die invloed van Covid-19 gekanselleer is, wil ons steeds vir dié gemeenskappe wys dat die lidmate van Stellenberg-gemeente vir hulle omgee.

Een van ons projekte in Leeu-Gamka is om omgeepakkies by die plaaslike polisiestasie te besorg, om dan aan vroue en meisies wat slagoffers van fisiese of seksuele geweld is, oorhandig te word. Konstabel Louise van der Bank is ons kontakpersoon by die polisiestasie.

Met die oog op die verpakking van die omgeepakkies, word die volgende items benodig: koekies, proteïenstafies, seep, waslappe, tandeborsels, tandepasta, sanitêre doekies en deodorant.

Daar is ook ’n groot behoefte aan kos vir troeteldiere in dié dorpe en skenkings van honde- of katkos sal ook waardeer word. Bydraes moet asseblief voor einde Julie by die kerkkantoor afgegee word.

## GEMEENTE SE VERJAARSDAGVIERINGE

Die heersende onsekerheid rakende die lengte en impak van die derde vlaag van die Covid-19-virus het die leraarspan genoop om die gemeente se vyftigste verjaarsdagvieringe uit te stel. Ons sal die feesvieringe aanbied sodra alle lidmate veilig en met gemoedsrus daarby kan inskakel.

## GEMEENTEBYEENKOMSTE

Tydens vlak 4 van inperking mag geen gemeentebyeenkomste voortgaan nie.

- Die **breigroep** se samekoms word tot verdere kennisgewing uitgestel.
- Die **Bybelskoolaanbiedings** is nou aanlyn besikbaar op www.stellenberg.co.za. Die handleidings kan ook van die webwerf afgelaai word, of by die kerkkantoor afgehaal word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, ’n besigheids- en lewensafrigter, asook ’n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus ’n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur ’n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur ’n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## SOP BIED VERLIGTING TEEN DIE KOUE

Tans word minstens 250 liter sop weekliks by sopkombuise in Ravensmead, Wesbank en Khayelitsha aan kinders uitgedeel. Enige iemand wat by die voedingsprojek betrokke wil raak en bereid is om sop te kook en dit in bevrore formaat Maandae tot Vrydae tussen 08:00 en 15:00 by die saalkompleks of kerkkantoor af te gee, se hulp sal waardeer word. Lewer gerus jou bydraes soos dit jou pas. Hoe meer sop ons insamel – hoe meer kan ons uitdeel! Kontak vir Anéne Nortier 083 581 6930 indien jy enige verdere navrae het.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van die volgende lidmate:

- André Willem Coetzee (03/08/1938 - 27/06/2021). Gedenkdiensreëlings is nog nie bekend nie. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Drienie en familie wat hy agterlaat.
- Marius Daniel Opperman (28/03/1963 - 5/07/2021). Marius was sedert 2013 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Elzabé en dogter, Danielle, wat hy agterlaat. Gedenkdiensreëlings is nog onbekend.
- Sanette Henriëtta Steyn (Noekie) (10/10/1944 - 01/07/2021). Sy was sedert 1975 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met haar dogter, Mea en ander familie wat sy agterlaat. Gedenkdiensreëlings is nie bekend nie.
- Ons neem ook kennis van die afsterwe van Jack van Renen, voorheen skoolhoof van Laerskool Eversdal. Hy het vir baie jare diep spore in die gemeenskap van Stellenberg en Eversdal getrap. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Marina, asook kinders en kleinkinders wat hy agterlaat.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudiebyeenkomste tot verdere kennisgewing nie.

### VOLG ONS OP FACEBOOK EN INSTAGRAM

Volg gerus gemeentenuus asook dagstukke via die gemeente se Facebook en Instagram. Soek ons onder: Stellenberg_gemeente.

### ADVERTENSIEBLAD

Is jy op soek na 'n diensverskaffer, werksgeleentheid, of wil self 'n diens of produk adverteer? Besoek dan gerus die gemeente se aanlyn advertensieblad op www.stellenberg.co.za. Plaas advertensies teen baie billike tariewe, deur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.

## DAGSTUKKE EN BULLETIN OP SELFOON

**Daaglikse stemboodskappe deur leraars op jou selfoon**

Indien jy graag na die daaglikse stemopname deur leraars op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+stemboodskap* na 081 045 2428. Geen gemorspos word na die groep gestuur nie, slegs die stemboodskappe.

**Die bulletin asook die skakel na die aanlyn oggenddiens op jou selfoon.** Ontvang die **bulletin** asook die skakel na die aanlyn erediens **elke Vrydag** op jou selfoon. Sodoende kan jy na die preek op jou selfoon kyk. Stuur asb. 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428.

## POPIA-WETGEWING

Ingevolge nuwe wetgewing (POPIA) rakende die beskerming van persoonlike inligting, wil die gemeente graag jou toestemming t.o.v. die storing van jou persoonlike inligting bevestig. Alle persoonlike inligting word volgens die gemeente se beleid rakende privaatheid, sekuriteit en storing van inligting, hanteer. Die kerkkantoor sal binnekort korrespondensie in die verband uitstuur, waarop jy asb. so spoedig moontlik moet reageer. Vir enige navrae stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegramboodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.